



DIE VOORTREKKERS
NOORD-KAAP SENIOR PD- EN VERKENNER-
GEBIEDSKAMPE 21 SEPTEMBER- 28 SEPTEMBER 2019
KAMP INLIGTINGS BRIEF



INLIGTINGSBRIEF : DIE NOORD-KAAP SENIOR PENKOPPE EN DRAWWERTJIES- EN VERKENNER GEBIEDSKAMPE 2019

Ons kan nie meer wag om julle op Bodemvas te verwelkom vir die Noord Kaap Senior PD- en Verkenner Gebiedskampe 2019 wat vanaf **22 September 2019 tot 28 September 2019** op die Bodemvas Kampterrein te Barkly Wes plaasvind nie.

Die registrasie vind vanaf 08h00 tot 10h00, Saterdag 22 September 2019, op die stoep, voor die kombuis, plaas. Die kamp begin amptelik om 10h00 en eindig Saterdag 28 September 2019 om 10h00 waarna almal kan vertrek.

Indien enige persoon of jeuglid nie betyds op die kamp kan wees nie, of vroeg die kamp moet verlaat, moet daar asseblief vooraf met die kamporganiseerder, Neef Chris Human, reëling getref word. Indien daar 'n noodgeval tuis is, kan u Neef Chris Human, 082 305 3846, of Jannie Stroebel 071 480 7158 kontak.

Neem asseblief kennis dat alle spesialisasies n minimum bywoning tydperk het. Indien 'n jeuglid nie die minimum tydperk bygewoon het nie, mag die kampbestuur, kampleier of projekleier nie die betrokke spesialisasie toeken nie.

Die sperdatum vir die indien van die kamp inskrywingsvorme sal deur die verskillende Kommando's bepaal en deurgegee word. Die amptelik sperdatum waarop alle inskrywing by die kamporganiseerder ingedien moet wees, is 6 September 2019. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.

Alle kamp inskrywings en betalings van kampgelde moet by die betrokke jeuglid se Kommando ingedien en betaal word wat dit verder sal hanteer.

Ouers en jeuglede neem asseblief kennis dat alle waardevolle artikels op die jeuglid / ouers se eie risiko kamp toe geneem word. **GEEN SELFONE word op die kamp toegelaat** nie. Indien 'n offisier 'n selfoon by 'n jeuglid kry, sal dit ingeneem word vir veilige bewaring tot na die kamp. **Klere moet asseblief gemerk wees.**

Die kombuis verskaf goed gebalanseerde lekker etes aan almal op die kamp. Ouers word versoek om so min as moontlik lekkernye vir u kind in pak. Hulle kry genoeg lekkernye tydens die kamp .

Die jaar gaan ons 'n media beampte op die kamp hê wat alle die media aspekte sal hanteer ten opsigte van die plasing van foto's op sosiale media .Ons gaan probeer om nie die jaar verskillende WhatsApp groepies te stig nie. U word versoek om nie die kamp- of projekleiers hieroor te pla nie want dit ontwig die werksaamhede met die jeuglede. U kan vir Jannie Stroebel 071 480 7158 kontak.

Ouers, graag versoek die kampbestuur dat u asseblief die volgende afskrifte by kamp inskrywingsvorme moet aanheg:

- Voor en agterkant van mediesefonds kaart
- Afskrif van hooflid se ID

Voortrekker groete,

CHRIS HUMAN
KAMPORGANISEERDERS

JANNIE STROEBEL
HULPORGANISEERDER